

# Maandag 5 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:1-14

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:13

## **Geloof is die mens se enigste antwoord op die behoefte aan verlossing**

Paulus is hier besig om met die Galasiërs te argumenteer oor die kwessie langs watter weg die mens tot 'n herstelde verhouding met God kom? Daar was ongelukkig mense wat die Galasiërs probeer oortuig het dat hulle, benewens hulle geloof in Jesus Christus, ook die wet moes onderhou voor hulle van die skuld van hulle sonde vrygespreek sou word. In vers 10 wys Paulus daarop dat diegene wat op die wet staatmaak, ook die verpligting op hulle neem om die wet in ál sy besonderhede na te kom. En as jy dit nie doen nie, bring jy daardeur die vloek wat die wet meebring oor jou. En dit behels *die verwerping deur God en die verbreking van alle kontak met Hom*. Eintlik verkeer alle mense in hierdie posisie, omdat niemand in staat is om die wet volkome na te kom nie. En behalwe dat die mens nie in staat is om die wet na te kom nie, is die mens ook nie in staat om die vloek self te verwyder, wat oor hom kom omdat hy nie die wet volkome nakom nie.

Dit is juis op hierdie punt dat die optrede van Jesus Christus van deurslaggewende belang is. In vers 13 staan dat *“Christus ons losgekoop het van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word”*. So word erken dat Christus iets gedoen het waartoe die mens nie in staat was nie. Christus het ons losgekoop van die vloek. Paulus bring hierdie loskoop van die vloek met Deuteronomium 21:23 in verband. Jesus het aan die kruis dieselfde “status” bekleed as wat elke mens eintlik in was, naamlik die van 'n vervloekte, 'n van God verlatene, alle kontak is verbreek. Maar deur in ons plek 'n vervloekte te word, het Jesus nie alleen plaasvervangend opgetree nie, maar ook die krag van die vloek vernietig. Die mens is nie meer 'n van God verlatene (vervloekte) nie, maar is weer met God versoen, kind van God. *Vers 11 sê jy word van hierdie vervloeking vrygespreek, jy kry deel aan Jesus se plaasvervangende optrede, omdat jy glo!*

Die implikasie van hierdie daad van Christus is dat nie slegs Jode nie, maar ook nie-Jode deel kan kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. Geloof maak my vry, want dit laat my deelkry aan wat Jesus Christus gedoen het: Hy is as vervloekte (van God verlatene) behandel, sodat ek weer met God versoen kan wees.

Hierdie vryspraak roep my op om elke dag soos iemand te leef wat aan God dank wil bewys vir vryspraak wat aan my gegee is. Ek staan immers nie meer onder die vloek nie, ek is vry! Vry om te lewe tot eer van God!

*Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5, 10*

*Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)*